



## Uitnodigend

Die hele wêreld moet hoor dat daar één Saligmaker is en dat daar redding is by Hom. Dis hoekom ons in God se Woord opgeroep word om met hierdie evangelie in die wêreld in te gaan, met die vaste oortuiging dat daar net één Naam is waardeur elkeen salig moet word.

Aan elke mens mag en moet daar verkondig word dat God hulle wil red van die verderf en hulle volkome salig wil maak. Daar staan uitdruklik in God se Woord dat hierdie boodskap by alle mense moet uitkom, tot aan die eindes van die aarde, met die oproep om na die Here toe te kom. Daarmee saam geld daar ook ryk beloftes: soek en jy sal vind, klop en vir jou sal oopgemaak word, bid en jy sal ontvang. Daar is beloftes vir so baie mense. Orals waar die evangelie kom, kom God na 'n mens toe met beloftes van heil. As dit nie waar sou wees nie .....

### Op die naam

Maar die Here openbaar Homself nog baie heerliker aan almal wat binne die verbond staan. Hulle mag die uitdruklike beloftes van God hoor wat spesiaal vir hulle bestem is. Die Here het Homself in sy genadeverbond met 'n eed aan hulle verbind. Sowaar as die Here lewe, belowe Hy ewige heil aan Abraham en al sy nakomelinge. Dit is nie net die uitverkorenes nie, maar die hele nageslag van die vader van die gelowiges. Sonder dat hulle dit verdien het, het God met Hulle 'n verbond gesluit en beloof om Homself te gee. Hy het belowe om Christus en al sy weldade aan hulle deelagtig te maak. Daarom mag alle verbondskinders bid vir die vervulling van hierdie "dierbare beloftes", soos een van die Erskines dit noem.

Die Here beloof dit nie sommer in die algemeen aan die verbondskinders nie, maar Hy sê dit toe op die naam. Wanneer ons gedoop word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, sê Hy: Ek doop jǒú! Ek belowe aan jǒú! Dit is 'n groot wonder, want wie is jy nou eintlik?

Daarom kan ons met groot vrymoedigheid vra dat God sy verbondsbeloftes sal vervul. Dit is nie parmantigheid nie. Dis 'n voorreg wat die Here self gegee het. Ons kan maar met groot vrymoedigheid bid: Here doen tog wat U beloof het. U het dit tog aan my beloof! Toe ek gedoop is in U Naam, toe het U dit tog aan my toegedeel! Daarom kom ek na U toe om vir U te vra:

*Here vervul tog hierdie beloftes in my lewe.*

*Vader, wil U my Vader wees, en laat my tog U kind wees.*

*Seun van God, wil U my Saligmaker wees en al my sondes af was met U bloed.*

*Heilige Gees, wil U aan my die ware geloof gee, wil U in my hart woon en werk, sodat ek met my hele bestaan op God vertrou.*

So mag ons pleit op God se beloftes, mag ons smee vir die vervulling van God se beloftes, in die vaste vertroue dat die Here dit sal doen, want Hy is 'n waar-maker van Sy Woord.

Ons mag saam met Moses so ver gaan om in die gebed te sê: Here wat sal U anders met U Woord maak? U is tog betroubaar! Op U kan ek vertrou.

### Nodig hê

Dit is waar dat ons dit alles nodig het. Dat ons nie sonder hierdie geestelike weldade kan lewe of sterwe nie. Besef ons dit regtig genoeg? Daarom is daar tereg opgemerk dat ons plek moet maak

vir God se beloftes. Ons moet begin beseef dat alles ons ontbreek en dat dit by die Here verkrygbaar is.

Wanneer ek alles het en ek aan niks gebrek het nie, dan span ek my nie in om te soek nie. So is daar baie mense wat nie hulle heil by die Here soek nie, omdat hulle voel dat hulle niks nodig het nie.

Mens kry met hierdie “probleem” te doen wanneer jy met buitekerklikes gesprekke voer. Hulle glo dat hulle niks meer nodig het nie en dat dit goed met hulle gaan. Waarom sou hulle na Christus soek en in Hom glo? Hulle meen dat hulle nie daardeur verryk sal word nie. Inteendeel.

So kan dit ook in die kerk gebeur dat verbondskinders glad nie vra vir die vervulling van God se beloftes nie. Hulle glo dat hulle niks mis nie. Hulle mis nie God se vaderlike guns nie, hulle mis nie hulle saligmaking deur die Here Jesus nie, en ook nie die werking van die Heilige Gees nie. Jy sou kon dink dat hulle blind is daarvoor. Van nature is die mens dood en 'n dooie kom nie in beweging nie. 'n Dooie soek niks nie.

Daarom moet 'n mens bewus word van sy doodsheid, sodat jy die lewe kan gaan soek. Jy moet bewus word daarvan dat jy God verloor het, dat jy God moet gaan soek soos die verlore seun terug gegaan het na sy vader. Jy moet jou sondes ontdek om die saligheid in Christus te soek. So kom God met die evangelie tot ons, in die kerk, om ons te laat ontdek wat ons alles mis en om ons begerig te maak na God se heil. Hoe meer jy jou eie armoede sien, hoe meer sal jy jou rykdom by die Here soek.

Dan gaan God se beloftes vir ons baie beteken. Dan gaan hulle skitter. En dan gaan ons met die beloftes na die God van die beloftes, om die vervulling daarvan van Hom te vra. Dit is voluit geestelike werk. Dit is om geestelik te lewe. Dit begin so en gaan ook so verder.

Op hierdie manier kom daar 'n smeking vir genade, om die Here te ken en om heil van Hom te ontvang. Elke keer as ons op 'n belofte afkom in God se Woord, gaan ons met die belofte na die Here toe, en vra ons Hom of Hy dit wil gee wat Hy so uitdruklik belooft het.

In hierdie opsig word ons doop van groot belang asook God se beloftes wat Hy by die doop vir ons beseël en bekragtig. Daar het die Here sy Naam aan ons verbind. Dit gee aan ons die vrymoedigheid om na Hom toe te gaan, ook al is alles teen ons.

J. van Amstel

© 2018  
[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie artikel is deur Alet du Plessis vertaal.*